Verklaring van die NG Gemeente Middelburg-Suid
t.o.v die huwelik en selfdegeslagverhoudings

Seksuele selfdegeslagverhoudings:

1. Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek. (2 Tim 3:16)
2. Selfdegeslagverhoudings binne vriendskap- of familie konteks, is verhoudings wat aangemoedig behoort te word maar selfdegeslagverhoudings binne seksuele konteks word nêrens deur die Bybel aangemoedig nie.
3. Ons glo dat die beoefening van homoseksualiteit geen groter sonde is as enige ander sondes waaroor die Skrif praat nie. Vir alle sondes is daar vergifnis en vrymaking deur die bloed van Jesus Christus.
4. Die Kerk is die samekoms van geredde sondaars wat deur die liefde en genade van God, verlossing in Jesus Christus vind. Sy liefde dring ons om mekaar aan te moedig en selfs te vermaan, om reg te leef voor God.
5. Homofobiese taal, gedrag en gesindheid, soos enige ander diskriminerende taal, gedrag en gesindheid is ook sonde en nie opbouend nie en moet aangespreek word.

Ons bely verder oor die huwelik:

1. Die Skrif leer ons dat ‘n huwelik die lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou is. 'n Christelike huwelik bestaan wanneer man en vrou mekaar met die liefde van Christus versorg en Christus die middelpunt is.
2. Gelowiges word aangemoedig om ook binne heteroseksuele gesinne onberispelik te leef. (Onder andere Ef.5 en 6).
3. Ons glo dat die Skrif daaroor duidelik is dat alle seksuele verhoudinge buite die huwelik teen God se wil en plan is.

Leierskap in die gemeente

Die gemeente verwelkom alle mense met die liefde en deernis van Christus as deel van die gemeente. Wanneer ‘n persoon egter in enige sonde volhard kan hy/sy nie in ‘n leiersposisie in ons gemeente dien nie. Die Woord gee duidelike riglyne vir die leer en lewe van geestelike leiers in die gemeente.(bv. 1 Tim 3:1-12)

Ons wil steeds as gemeente die liefdevolle oop arms en bewegende voete van Jesus wees, wat alle mense herinner aan die genade, vergifnis en heling van Christus. Liefde kan nooit kant kies vir dinge wat verkeerd is nie (1 Kor 13:6) en daarom word hierdie verklaar in die liefde wat ons in Jesus Christus het